HSH - WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

VALUE FOR TERM 3 : BE A GO-GETTER!

Nuusbrief 11/2024
19 Julie 2024

Liewe HSH

Ek is baie uitgesproke oor my opgewondenheid ten opsigte van die derde kwartaal. Ons kinders het ’n woord wat moeilik met dieselfde trefkrag vertaal kan word: Hierdie kwartaal het ‘n “vibe”! Varia, Winterbal, Groot Brag, Interskole, Matriekafskeid, Eisteddfod, Fynbosskou en nog vele meer dra by tot ’n atmosfeer van afwagting en opwinding. Ek moet ook erken dat my keel ook ’n bietjie toetrek as ek besef wat alles nog hierdie kwartaal moet gebeur... “Dit sal ook verby gaan” is woorde wat die HSH-familie baie goed ken, maar ek en Marinda is nou bang dit gaan te vinnig verby!

1. **Netball courts**

The upgrading of our netball courts started in the third week of May. The inclement weather and other factors played a role in the fact that the project was not completed at the end of the holiday as planned. At this stage the contractor is doing his level best to ensure that the courts are completed as soon as possible, without risking the quality of the project.

2. **Gelmar HSH-Varia Revue 2024**

Die opwinding is aan die opbou vir Varia 2024 en daar is ‘n ongelooflike “vibe” in die HSH-familie oor wat ons volgende week op die planke gaan sien. Een ding is verseker: Die Varia-span het superhard gewerk om ‘n topklas skouspel te lewer!

Die skouspel vind eerskomende Dinsdag en Woensdag vanaf 18:30 in die skoolsaal plaas. Daar is nog kaartjies beskikbaar, maar die geskiedenis leer ons dat die laaste kaartjies vanaf Maandag baie vinnig opgeraap word. Do not miss out on this one! People are still talking about the last year’s production! The link to the Quicket website for Varia booking is as follows: https://qkt.io/aJKJ1F

2. **Interschools 2024**

Our learners, and the school principal, are convinced that Interschools week is the highlight of the school year. This year Interschools take place on Saturday, 17 August at the HSH sportgrounds. It is going to be a huge challenge and therefore we urge every member of the HSH family to get to Hopefield in huge numbers! Victory is always sweeter if the challenge is really a challenge. This year Interschools are exactly that. So get everyone and the dog to HSH sportgrounds on 17 August. Your support makes all the difference!

3. **Interskole Afskopfunksie**

Om die HSH-ouers in die regte gemoedstemming te kry vir Interskole 2024, het Anneke Basson en haar span besluit om ‘n afskopfunksie op Vrydag, 16 Augustus by die Sportklub te reël. Dit gaan ‘n lekker informele funksie wees waar ouers ‘n lekker

ete kan geniet en Old Boys and Girls in aksie kan sien op die rugby- en hokkievelde en netbalbane. Meer inligting volg later. Hou ons sosiale media-platforms dop!

4. **Exam timetables**

Please find the test series timetables for the primary and the high school as well as the Gr. 12 Preparatory Exams timetable, here. As always, school attendance until the last schoolday is compulsory.

5. **HSH kweek leiers!**

Een verantwoordelikheid wat ek (en my gesin) glad nie volgende jaar gaan mis nie, is om HSH-Whatsapp groepe te bestuur. Soos alle dinge is daar ook baie soet saam met die suur. Was ek nou breëbors aan die einde van die tweede kwartaal toe die nuus inkom hoe HSH-leerders in groot getalle verkies is tot leiersposisies in provinsiale sportspanne en ander strukture. Dit is verseker 'n getuigskrif vir die produk wat ons hier by HSH kweek!

Ek wil ouers verseker dat een van ons top prioriteite tydens strategiese beplanning is om te verseker dat die HSH-familie as 'n eenheid naweke reis. Weersomstandighede, die toestand van ons hokkieveld en die feit dat ons netbalbane onder konstruksie is, bring egter mee dat hoërskool hokkie- en netbalspanne hierdie naweek na Malmesbury toe moet reis. Ons besef dit is nie die ideaal nie, maar dit is die enigste alternatief om ons sportprogram aan die gang te hou.

Be assured – your support next to the sportsfields means a lot to our children. Your filled seat at the Varia Revue will mean the world to the cast and crew.

I look forward to seeing you at the sportsfield and at Varia in huge numbers!

W. Fourie (Skoofhoof)

Hoe lyk 'n Hopefielder?

- Ons doen die gewone dinge buitengewoon
- Ons staan op wanneer 'n volwassene of matriek met ons praat
- Ons respekteer dames – altyd
- Ons groet almal en ons groet eerste
- Ons behandel almal met respek
- Ons is ongelooflik trots op ons skool
- Ons is betrokke by alle aktiwiteite van die skool.
- We do the ordinary extra-ordinarily
- At HSH we are a family
- We man-up when we make mistakes
- We show Hopefield guts – always!

Het jy goeie nuus wat jy graag met ons wil deel? Stuur na Anneke, e-pos:

hshbemarker@gmail.com

Enige navrae? Stuur dit na hsh@sandveld.net